Halfjaarresultate

KLK LANDOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2009

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die finansiële state is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemene Aanvaarde Praktyk opgestel. Die rekenkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die tussentydse finansiële state is dieselfde as dit wat gegeld het in die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009.

KOMMENTAAR

FINANSIËLE OORSIG

Die groepsomset van R531.7m is R66m laer as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. Alhoewel die Brandstofafdeling 'n goeie styging in volume (liters) van 8.2% by die Rybane en 20.1% by die Groothandel ervaar het, kon dit nie die gemiddelde prysdaling van R2.57 per liter teenoor die vorige periode teenwerk nie en verteenwoordig dit 'n netto daling in die omset van die Brandstofafdeling van R55m. Die skerp daling in die verkope van motors, ± 50% laer as die vorige jaar, verteenwoordig die balans van die daling in groepsomset.

Die Handelsafdeling se omset was marginaal laer as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar en kan toegeskryf word aan laer produkpryse (staal en brandstof prysdalings).

Die bruto winsmarge van 9.5% (2009) teenoor die 8% (2008) is hoofsaaklik as gevolg van verbeterde brandstofmarges (laer verkooppryse) en die Vleisketting wat beter marges realiseer het as die ooreenstemmende ses maande van die vorige jaar.

Netto wins na belasting van R5.0m vir die ses maande tot 31 Augustus 2009 is dieselfde as die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. Alhoewel finansieringskoste R0.9m laer was vir die periode onder oorsig, in vergeleke met die vorige jaar, het die R1.5m laer winste van SA Dorper bygedra tot geen styging in die groep se netto wins vir die ses maande periode tot 31 Augustus 2009. Die sterker rand/dollar wisselkoers en die velprysdalings op die internasionale markte het hoofsaaklik hiertoe bygedra.

Beide handelsdebiteure (R60.2m) en handelskrediteure (R65.4m) het met R24.7m en R22.2m onderskeidelik gedaal en kan toegeskryf word aan die daling in lewendehawe veilingsdebiteure, handelsdebiteure asook die laer besigheidsaktiwiteite van die Motorafdeling. Voorraad van R79.0m is R7.8m laer as in Aug.'08, hoofsaaklik as gevolg van laer voorraadwaarde by Motors (eenhede) en die Brandstofafdeling (prysdaling). Die oortrokke bank van R14.6m is R11.4m laer as gedurende Aug.'08, hoofsaaklik as gevolg van laer besigheidsvolume (lewendehawe veilings en motors) en laer voorraadvlakke en dalings in brandstofpryse.

VOORUITSIGTE

Die swakker ekonomiese omstandighede en die gevolglike verswakking in besigheidsaktiwiteite van die Motor- en SA Dorper besigheidseenhede sal voortduur wat daartoe kan lei dat hierdie besigheidseenhede swakker as die vorige jaar sal presteer. Indien die Handelsafdeling na verwagting presteer en veegetalle en slagvolume deur die Vleisketting toeneem soos tradisioneel gebeur gedurende die tweede ses maande periode, verwag KLK egter om in lyn met die vorige jaar te presteer.

DIVIDEND

Geen tussentydse dividend (2008 nul) word verklaar nie, aangesien dit maatskappybeleid is om slegs 'n eenmalige dividend na die afsluiting van die finansiële jaar te oorweeg.

Met volmag van die Direksie op 12 Oktober 2009.

JS Marais
Voorsitter

JPN Stander
Vise-Voorsitter

SD van Huyssteen
Besturende Direkteur

DIREKTEURE

JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-Voorsitter), JM Bredenkamp, ZL Combi, WSB du Toit, JJA Smith, FJ van der Merwe, SD van Huyssteen (Besturend), PP van Jaarsveld, JA van Zyl.

GEREGISTREERDE KANTOOR

Adres: Karakoelstraat 14, Upington, 8801
Posadres: Posbus 86, Upington, 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

AANDELEVERHANDELINGSKAMER

Du Toit van den Heever (Geoktrooieerde Rekenmeesters en Ouditeure)
Adres: Schröderstraat 18, Upington, 8801
Posadres: Posbus 204, Upington, 8800
Telefoon: 054 332 4585

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2009

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 31 Augustus 2009 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2008 R'm	Geouditeer 28 Februarie 2009 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	58.5	55.8	58.9
Eiendom, aanleg en toerusting	46.5	47.7	47.4
Ontasbare bates	2.6	1.1	2.6
Belegging in geassosieerde	9.1	6.7	8.6
Beleggings gehou vir verkoop	0.3	0.3	0.3
Bedryfsbates	139.7	174.4	140.5
Voorraad	79.0	86.8	78.0
Handelsdebiteure	60.2	84.9	60.3
Kontant en kontantekwivalente	0.5	2.7	2.3
Totale bates	198.2	230.2	199.4
EKWITEIT EN LASTE			
Aandelekapitaal en reserwes	100.4	91.7	95.4
Buiteaandeelhouersbelang	1.7	0.7	1.7
Totale laste	96.1	137.9	102.3
Nie-bedryfslaste	16.1	24.3	14.2
Aandeelhouerslenings	4.2	4.3	4.2
Langtermynlenings	16.0	24.4	14.1
Uitgestelde belasting	(4.1)	(4.3)	(4.1)
Bedryfslaste	80.0	113.6	88.1
Handels- en ander krediteure	65.4	87.6	71.2
Oortrokke bank	14.6	26.0	16.9
Totale ekwiteit en laste	198.2	230.2	199.4

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2009

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer 31 Augustus 2009 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2008 R'm	Geouditeer 28 Februarie 2009 R'm
Omset	531.7	597.7	1,208.2
Handel	527.3	593.8	1,196.6
Versekering	0.8	0.7	1.6
Lewende hawe	3.6	3.2	10.0
Voortgaande bedrywighede			
Verkope	531.7	597.7	1,208.2
Koste van verkope	(481.1)	(549.7)	(1,099.0)
Bruto wins	50.6	48.0	109.2
Ander inkomste	6.1	6.5	10.3
Bedryfsuitgawes	(50.0)	(47.8)	(106.5)
Wins uit gewone bedrywighede	6.7	6.7	13.0
Finansieringskoste	(1.4)	(2.3)	(5.4)
Wins voor belasting	5.3	4.4	7.6
Belasting	(1.4)	(1.3)	(2.1)
Wins na belasting	3.9	3.2	5.4
Ekwiteits wins/(verlies) van geassosieërde	1.0	2.5	4.4
Buiteaandeelhouersbelang	0.1	(0.5)	(0.1)
Netto wins vir die tydperk	5.0	5.1	9.7

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2009

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2009 R'm	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2008 R'm	Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2009 R'm
Bedryfswins voor verandering in bedryfskapitaal	7.3	7.3	12.7
Verandering in bedryfskapitaal	3.9	(18.3)	2.0
Kontant deur bedrywighede voortgebring	11.2	(11.0)	14.7
Rente ontvang	1.2	1.9	3.9
Dividende ontvang	-	-	-
Rente betaal	(1.8)	(2.3)	(5.4)
Dividende betaal	-	(1.2)	(2.2)
Belasting betaal	(1.7)	(1.5)	(5.3)
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	8.9	(14.1)	5.8
Kontant uit beleggingsaktiwiteite	-	(3.3)	(4.1)
Kontant uit finansieringsaktiwiteite	(8.3)	0.7	(9.7)
Netto toename/(afname) in bank en kontant	0.6	(16.7)	(8.0)
Kontant en bank aan begin van die tydperk	(14.6)	(6.6)	(6.6)
Kontant en bank aan einde van die tydperk	(14.0)	(23.3)	(14.6)

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'm	Aandele-premie R'm	Behoue verdienste R'm	Totaal R'm
Saldo op 1 Maart 2008	21.5	9.0	57.5	87.9
Netto wins vir die tydperk	-	-	5.1	5.1
Dividende	-	-	(1.2)	(1.2)
Saldo op 31 Augustus 2008	21.5	9.0	61.4	91.7
Netto wins vir die tydperk	-	-	4.6	4.6
Vorige jaar regstellings	-	-	(0.1)	(0.1)
Aandele teruggekoop	-	-	-	-
Dividende	-	-	(0.9)	(0.9)
Saldo op 28 Februarie 2009	21.5	9.0	64.9	95.4
Netto wins vir die tydperk	-	-	5.0	5.0
Saldo op 31 Augustus 2009	21.5	9.0	69.9	100.4

WESENSVERDIENSTE

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2009	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2008	Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2009
Toeskryfbare wins	5.0	5.1	9.7
Amortisasie van klandisiewaarde	-	-	-
(Wins)/Verlies met verkoop van bates	-	-	-
Wesensverdienste vir die tydperk	5.0	5.1	9.7